

Skriflesing: Amos 3:1-15

Teks: **Amos 3:2,8**

Sing- Ps. 46:1; Ps. 92:3; Ps. 130:4; Ps. 86:1,6

Amo 3:1 Hoor hierdie woord wat die HERE oor julle gespreek het, o kinders van Israel, oor die hele geslag wat Ek uit Egipteland laat optrek het, naamlik:

Amo 3:2 *Julle alleen het Ek geken uit al die geslagte van die aarde; dáárom sal Ek by julle besoeking doen oor al julle ongeregtighede.*

Amo 3:3 Sal twee met mekaar wandel tensy hulle eers afgespreek het?

Amo 3:4 Sal 'n leeu brul in die woud as hy geen prooi het nie? Sal 'n jong leeu sy stem uit sy lêplek laat hoor as hy niks gevang het nie?

Amo 3:5 Sal 'n voël in 'n net val op die grond as daar vir hom geen strik gestel is nie? Sal 'n wip van die grond af opspring as dit glad nie gevang het nie?

Amo 3:6 Sal die basuin in die stad geblaas word en die bevolking nie skrik nie? Sal daar 'n onheil in die stad voorval as die HERE dit nie bewerk het nie?

Amo 3:7 Want die Here HERE doen niks tensy Hy sy raadsbesluit aan sy knegte, die profete, geopenbaar het nie.

Amo 3:8 *Die leeu het gebrul, wie sal nie vrees nie? Die Here HERE het gespreek, wie sal nie profeteer nie?*

Amo 3:9 Roep dit uit oor die paleise van Asdod en oor die paleise van Egipteland en sê: Versamel julle op die berge van Samaría, en aanskou die groot beroering in die midde van die stad en die verdrukking daarbinne.

Amo 3:10 Ja, hulle weet nie om reg te doen nie, spreek die HERE—hulle wat geweld en verdrukking opstapel in hulle paleise.

Amo 3:11 Daarom, so sê die Here HERE: 'n Vyand! En dit rondom die land; en hy sal jou vesting van jou af neerwerp, en jou paleise sal geplunder word.

Amo 3:12 So sê die HERE: Soos 'n herder 'n paar pote of 'n oorlappie red uit die bek van 'n leeu, net so sal gered word die kinders van Israel wat daar in Samaría in die hoek van 'n bed of op die damás van 'n rusbank sit.

Amo 3:13 Hoor en waarsku die huis van Jakob, spreek die Here HERE, die God van die leërskaars,

Amo 3:14 dat Ek in die dag as Ek die oortredinge van Israel aan hom besoek, ook besoeking sal doen oor die altare van Bet-el, sodat die horings van die altaar afgekap sal word en op die grond val.

Amo 3:15 Dan sal Ek die winterhuis saam met die somerhuis tref, en die huise van ivoor sal te gronde gaan, en baie huise sal verdwyn, spreek die HERE.

Skriflesing: Amos 3:1-15

Teks: **Amos 3:8**

Sing- Ps. 46:1; Ps. 92:3; Ps. 130:4; Ps. 86:1,6

Broeder en suster- Ons is vandag by 'n derde profeet rondom die reeks wat die kleiner profete na vore bring. Amos die man wat ons by voorbaat kan sê hy was nie teoloog nie. Hy was sekerlik nie iemand wat die fyn kantjies van die lewe wou uitsoek en aan 'n verfynde lewe gewoon was nie. Sekerlik kan ons hom voorstel as 'n harde man, wat weet hoe dinge in die veld gebeur. Hy ken leeus, hoe dit klink as 'n leeu brul, hoe vang jy 'n voël in 'n wip, 'n krakende wa vol gerwe, koeie van Basan (4:1-3). Ja, Amos was self 'n boer, het met skape en vyeboome geboer. Hy kom vanaf Tekoa so 15 km suid van Jerusalem, so twee ure se stap (10 km suid) vanaf Bethlehem, op die rand van die woestyn van Judea. Al is hy 'n

plattelander is dit duidelik hy het wel dikwels in die stede van daardie tyd gekom. Daar word algemeen aanvaar dat sy boerdery-belange redelik uitgebreid was. In die Hebreeus is die woord wat na hom as skaapboer verwys eintlik 'n woord wat dui op iemand wat groot troppe skape besit het. As ons hoor hy was ook 'n boer van wildevye dan kan ons aanvaar hy het hierdie vye op 'n ander plaas van hom moes kweek. Vye aard nie in die gebiede by Tekoa nie, maar slegs nader aan die see, meer na die Middellandse See en die Dooie see se kant. Daar het hy 'n vyeplaas gehad en by Tekoa sy skaapplaas. Hy het die landbou geken, het geweet hoe dinge op 'n skaapplaas werk maar ook op 'n vyeplaas. Vye was daardie tyd baie kere die arm man se kos. Al was Amos nie skatryk nie, was hy sekerlik finansiëel selfstandig, ons kan aanvaar hy was iemand wat onafhanklik goeie bestuur oor sy plase en finansies kon uitoefen.

Maar broeder en suster, wat ons baie gou vanuit Amos kan aflei dit gaan nie vir God daaroor oor hoe 'n goeie boer hy was nie. In alle geval is dit ook net genade om op jou plase 'n sukses te maak. Vir God is roeping en diens en waarheid en geregtigheid die dinge wat werklik saakmaak. God wil die doodgewone mense gebruik eerder as die mense wat dink hulle is so belangrik en hulle eintlik voeling verloor het met waarom die lewe gaan. Amos staan los van die gevestigde kring van profete en godsdienstige leiers. Hy ontvang op persoonlike vlak as boer 'n besonder kerklike roeping, maar hy wys die kerk is daar om die koninkryk te bevorder, as die teoloë dit nie kan doen nie, dan sal God boere daarvoor gebruik.

Ons kan baie van die dinge wat ons vandag hier in Amos uitlig terugvoer na ons eie tyd en na ons eie omstandighede. In hierdie paar jare wat Pretoria en omgewing ons lewe moes word, het dit my ook opgeval (so anders as met Amos) dit gaan baie keer vir sg. gereformeerde mense nie om wie jy is nie, maar veel eerder om wie jy ken. Soos wat mense op grond van hulle bande met ander sg. bekende mense voordele wil trek en inderdaad baie keer bevoordeel word, is 'n "siekte" wat kerk en skool nie spaar nie, al gee ons voor ons skryf die naam "gereformeerde" vooraan, maar dit is geen waarborg teen die siek verskynsel wat hier bestaan nie. Ons kan maar dit ook heel aan die begin van die profesie stel dat Amos het deur die Heilige Gees 'n fyn oog ontwikkel, al was hy 'n growwe boer het hy baie mooi en fyn raakgesien die dinge wat mense ander mense aandoen.

Amos het hierdie siek verskynsels baie gou kon blootlê. So een voorbeeld- As vrouens met hulle neus in die lig rondloop, dan laat dit hom eintlik maar net dink aan die koeie van Basan.

Ja, dit is kenmerkend dwarsdeur hierdie profesie dat Amos dikwels boere-terme (boerdery-terme) gebruik het om die verkeerde dinge bloot te lê en te wys hoe kan dit reggestel word. Weereens in die wêreld van die boerdery is daar baie voorbeelde om dinge reg te maak al lê die dinge dan ook op 'n diep geestelike vlak. Aan diepte ontbreek Amos nie 'n oomblik nie.

Trouens dit het ons al vantevore opgemerk dat waar Hosea en Amos saamgelees moet word, want hulle leef grootliks in dieselfde tye dan is Hosea die profeet wat wys hoe besonder God se liefde is maar Amos kan ons tipeer as die profeet van God se geregtigheid. Hy lê klem op wat is reg en wat is verkeerd. As hy die verkeerde dinge blootlê dan gaan dit nie vir hom om wat mense meen reg of verkeerd is nie, maar alle menslike optrede word beoordeel van hóé God bepaal het wat is reg en wat is verkeerd! Soos Hosea is sy profesie dan hoofsaaklik teen die 10 stamme gerig.

Laat ons die baie ryk boek uit hfst. 3 tot ons kom. Hierin maak God Homself bekend dat as jy deur God uitverkies is, het jy rede om baie mooi na jousef te kyk. Op grond van dat jy anders moet wees as die andere rondom jou laat jou nie toe om jou uitverkiesing as status te beskou nie, maar die maat wat God die uitverkorenes mee meet kan maak dat hulle gestraf word op grond van die feit dat hulle uitverkies is. Uitverkies daarom wag daar straf. Dit is wat vers 2 ons duidelik bekend maak- *2 Julle alleen het Ek geken uit al die geslagte van die aarde; dáárom sal Ek by julle besoeking doen oor al julle ongeregtighede.* Wanneer ons dan in besonder God met Israel, sy uitverkore volk deur Amos hoor praat, (God doen besoeking) dan gee ons teksverse die volgende drie gedagtes deur- *8. Die leeu het gebrul, wie sal nie vrees nie? Die Here HERE het gespreek, wie sal nie profeteer nie?* Hierin hoor ons God se stem wat weerklink. In die tweede plek- Die wêreld wat vrees. In die laaste plek- God se volk moet profeteer.

God se stem weerklink:

'n Leeu wat brul is wat Amos oor God sê ! Dit is 'n weerklinkende stem. 'n Leeu wat brul is vir 'n skaapboer wat alleen die nag oor sy troppie skape die wag moet hou, sekerlik van die skokkendste en vreesaanjaendste geluide wat jy jou kan indink. Dawid wat dit ook sou hoor, watter vrees as jy die leeu al brullend na jou skape hoor aankom. Wat kan 'n mens dan eintlik doen?! Eers van vêr die gebrul, want sê die geleerdes aan ons, die brul van 'n leeu dra kilometers vêr. Hierdie geluid kom dan al nader. Ons hoor die naderende, weerklinkende stem ook in Amos.

In die vorige hoofstukke het Israel dalk kon dink ons is darem bevoorreg want ons heidense bure hulle verdien om deur God geoordeel te word. Ons kan dit weer vir ons in sirkels of in kringe voorstel, ook soos ons by Hosea gemaak het, die argumente wat vêr kom en die kring word al nouer getrek. Die Arameërs van Damaskus, die Filistyne van Gasa, Asdod, Askelon, Ekron, die Fenisiërs van Tirus, hulle was almal volke vêr van Israel, hulle staan almal vêr van Israel, dit sou vir Israel lekker wees om te hoor, God sal hierdie vêr volke hard straf, maar dan kom Amos en hy sê die kring word kleiner. God begin te brul oor die Edomiete, die Ammoniete, die Moabiete, almal mense met iets van 'n genetiese band met Israel. Edomiete, nageslag van Esau, die Ammoniete, Moabiete uit die dogters van Lot afkomstig.

Dan kom die leeu die nog nadere kring ingestap, Israel se direkte bure, die twee stamme, Juda en Benjamin, die Suidryk is die wêreld waar die leeu al brullend nader, maar dan kom die grootste skok en ontnugtering, ons as die tien stamme, die Noordryk, ons wat die middelpunt van Amos se profesie vorm, ons in die middelpunt van hierdie Amos-benadering, ons gaan die hardste hierna moet luister.

God wys uit wat by die ander nasies verkeerd is, maar kom dit by die tien stamme teen wie Amos profeteer dan gee God rede waarom Hy hulle nie maar net in die algemeen beoordeel nie, maar hulle hele bestaan kom eintlik soos onder 'n mikroskoop want julle wat veronderstel is om My wat God is die beste te ken, julle doen nie anders nie, julle lewe is in geen opsig beter as daardie Filistyn van Gasa wat in die heel buitenste kringe lê nie. Hulle word aan dieselfde oortredinge skuldig bevind as die waaraan die heidene skuldig was. Hulle wat voorgee dat hulle ken die Here, hulle maak asof die Wet van die Here toegepas word, maar kyk God na die heidene en word daar na Juda gekyk, dan is God se Woord oor hulle wat die beste moes weet die swaarste, hulle oortredinge is dubbeld so swaar daarom moet hulle straf 'n dubbele prys betaal. Juda oortree teen God deur sy Wet te minag, maar die noorde waarbinne Amos se profesie val, hulle oortreding is nog groter as hulle broers in Juda want hulle oortree teen God en mens. God se Wet word geminag, maar hulle is die mense wat die armes en die weduwees en die weeskinders, uitbyt verneuk en misbruik.

Amos ken die verskrikking wat 'n leeu onder 'n skaapkudde kan aanrig, 'n bekende plattelandse boere gebeurtenis, maar hy sien nou onder die stedelinge van sy tyd eintlik dinge erger as wat 'n leeu onder die skape kan uitrig, want ryk mense gebruik hulle geld om net nog

ryker te word en so is hulle daarop uit om die armes net nog armer te laat word. Mense word vir die prys van 'n paar sandale verkoop omdat hy nie kan betaal wat hy skuld nie.

Nou moet u healtyd hierdie vooraf erkenning vashou broeder en suster, dit wat na twee kante toe geld. God sê vir hierdie mense in die noorde- *Ek het julle geken uit al die geslagte van die aarde...* Hierdie woord wat God spreek- **EK HET JOU GEKEN...** dit is 'n baie persoonlike en waardevolle erkenning, want word die Hebreus hier eintlik in die konteks geplaas van hierdie is intieme kennis, omdat God Israel so goed geken het kom dit daarop neer dat God sê Ek het My vir julle aangebied, ja in die dogmatiese betekenis van wat hier staan is dit God wat sê – **EK HET JULLE UITVERKIES...** Dit gaan nie maar net oor Ek weet wat julle doen en waar julle is nie, maar julle is aan my die beste bekend soos niemand anders nie. In so 'n klein klein kring moet ons hierdie woord van die Here toepas as God sê – **EK HET JOU GEKEN... UIT AL DIE GESLAGTE VAN DIE AARDE.**

God was inderdaad vir hulle goed. Wanneer Amos hier praat dan is die tien stamme op hulle stukke wat welvaart en voorspoed en baie goeie ekonomiese en politieke vooruitsigte aanbetref. Internasionaal sowel as binnelands gaan dit baie goed. Staatkundig het hulle gevoel ons vorder regtig goed, die gevoelens van vooruitgang en sekerheid was 'n demokratiese gevoel. Koning Jerobeam II die seun van Joas, regeer vanaf 787 – 747 v.C., en daar is voorspoed en vrede. Jerobeam het hulle landsgrense selfs na die gebied oos van die Jordaanrivier kon groter maak. Daar was min tye wat dit met Israel so goed gegaan het soos wat dit vir hulle gevoel het in daardie tyd dit kan eintlik moeilik beter gaan. Alles is goed en hulle leef van die beste wat daar kan wees!

Dan kom hierdie boer en wat hy nou sê is vir hulle 'n totale skok en 'n ontugtering. Ons praat van omtrent so 760 v.C. as Amos die leeu hoor brul en Israel hoor - ons wat dink dit gaan so goed, ons besef nie dit gaan allesbehalwe goed as God na ons kyk nie. God se stem brul soos 'n leeu teen ons, hulle sou dalk God veel eerder wou hoor in die stem van 'n duif wat koer of 'n blêrende lam, maar nee Amos hoor hoe kwaad God is. God gaan hulle straf omdat hulle God se reg misken en omdat hulle maak asof hulle godsdienstig so voorbeeldig is maar God weet presies hoe formalisties hulle godsdienst is, alles lyk goed, die tempel word druk besoek, maar al hierdie eer wat hulle voorgee daar aan God gegee word, dit is alles net skyn en dis vals. Hulle maak asof hulle omgee maar word daar werklik omgee. Dit laat God oor hulle soos 'n leeu brul, maar hierdie feit dat God groot en almagtig is, dat God die

onreg gaan straf, dit bring ons nog nader want die volk hoor in ons teksverse die tweede saak as ons lees- *Die leeu het gebrul, wie sal nie vrees nie?* Ons kyk dan in die tweede plek –

Na wat hulle moet vrees:

As God sê dat hy gaan besoeking doen oor hulle ongeregtighede dan beteken die besoeking dat God gaan hulle tot verantwoording roep. Om verkies te wees is om deur God geroep te wees en wie aan sy roeping ontrou is soos wat Amos dit duidelik aantoon daarom gaan God hulle nou besoek op grond van hulle verkiesing. Wie verantwoordelikheid dra moet verantwoording kan doen, so duidelik maak God dit.

Amos stel hierdie optrede van God met duidelike oorsaak-gevolg beelde. Hy praat van twee kan mos nie saamloop as hulle nie afgespreek het nie. Sal 'n leeu in 'n bos brul as hy nie iets het om te vreet nie. 'n Voël sal mos nie in die net op die grond val as daar nie vir hom 'n strik gestel was nie. In al hierdie voorbeelde van Amos is dit 'n duidelike patroon van beweging wat elke keer daarop wys die gevolg het 'n bepaalde oorsaak. Dinge gebeur nie maar sommer nie. As die gevolge uitstaan dan moet daar na die oorsaak gesoek word. Die gevolg is God gaan julle besoek want die oorsaak van God se besoeking dat julle is 'n uitverkore volk maar hulle lewe nie soos uitverkorenes nie. Julle wat van baie beter oortuig moes wees, julle wat soveel méér ontvang het, dit word gemaak asof die goeie wat God reeds geskenk het nie bestaan nie.

Wie verkies is, is ingebind tot indiensneming. Dit gaan nie in die verkiesing eerstens oor bevoorregting nie, so wou die mense dit graag verstaan, ook vandag nog sal ons as mense wat verkies is eerder op ons bevoorregting wil fokus, terwyl dit eintlik glad nie ons uitgangspunt moet wees nie. Die feit dat God jou en my insluit in sy verkiesing en verbond is nie 'n middel wat ek mag aanwend en dink ja God het Hom in my diens kom stel nie, nêe dit wat ek vir myself moet sê is, ek word hierdeur vir God se diens opgeëis, dit is nie God wat vir my in my diens kom staan nie. As jy in God se diens opgeëis word, God neem jou in diens, dan moet ek eintlik niks anders wees as slaaf van die Here nie.

Daarom as ons hierdie dinge besef, broeder en suster, dan moet ons die Here vrees. Ons moet werklik ontsag en respek teenoor die Here se verkiesing betoon, want as die leeu brul, wie sal nie vrees nie. Die gedeelte net voor ons teksverse – v 6- staan- *Want die Here HERE doen niks tensy Hy sy raadsbesluit aan sy knegte, die profete, geopenbaar het nie.* Dit is 'n

begroning dat by God is die dinge vas en seker. So seker soos wat bepaalde gevolge sekere oorsake het, so is God se straf baie duidelik begrond.

God het lank oor die sonde van hierdie tien stamme gepraat. Hosea het gepraat, Amos praat nou, hulle is deur die profete gewaarsku maar mense het hulle eenvoudig nie gesteur aan wat daar gesê word nie. Daarom wanneer mense nie die verband tussen oorsaak en gevolg wil erken nie, het hulle baie om voor te vrees. Dan gaan dinge nie regkom nie. Daar kan nie vrede wees as daar nie regspraak is nie. Die regspraak moet die geregtigheid vooropstel, God se reg wat nie dan maar sommer as my en jou regte kan dien nie. God se reg moet altyd eerste staan, want dit is ook maklik om te sê, ja ons het voorregte ontvang. Dit is waar maar dit lê eintlik nog dieper, daar moet nog meer vrees nog meer duidelike respek kom, want 'n voorreg draai nog om jousef wat darem baie graag dink... oe dit is so 'n voorreg wat ek vandag het, van ek word beloon, soos iemand wat 'n akademiese prys ontvang, kan dink ek het darem so hard hiervoor gewerk, of 'n meisie wen 'n skoonheidskompetisie wat sy dan as voorreg sal wil voorhou, maar ten diepste gaan die pryswenner homself/haarself op die skouer wil klop. Terwyl ons vandag beseft in wat Amos hier sê is niks op grond van verdienste gebaseer nie, maar alles is net genade, genade alleen.

As God na ons kant toe soos 'n leeu brul, wie sal nie vrees nie, dan is die vrees gegrond, want weet mense nog wat is reg en wat is verkeerd? Het ons nie so gewoon geraak aan materialisme, buitensporige salarisse, misleidende advertensies, maklike krediet, allerhande soorte van prysmanipulasie dat ons heeltemal verbykyk in wat God oor al hierdie dinge sê. Baie mense leef asof God werklik geen sê hieroor het nie. So het die mense in die noorde van Israel in hulle uitermate rykdom en tye van voorspoed vir hulle winterhuise op een plek opgerig, op 'n ander plek 'n somerhuis (sien v.15) – die huise is so luuks, Amos noem dit huise van ivoor- dit sal te gronde gaan. Hierdie huise is eintlik dan niks anders as huise van geweld nie, al lyk dit soos paleise, maar in God se oë is daar niks luuks en niks mooi aan 'n huis as die bouer daarvan ander mense uitgebyt het om so 'n huis te bou nie. So 'n huis is inderdaad in God se oë 'n varkhok, al sal mense dit 'n paleis noem as 'n ander geweld aangedoen is om by so 'n huis uit te kom.

Wanneer ons hierdie dinge vanuit Amos kan agterkom broeder en suster- dan is dit dié dinge waaroor ons moet praat. Duidelik moet daar standpunt ingeneem word. Ons moet ophou om so sag en so relatief te werk te gaan met 'n houding van kom ons vergeet maar om werklik

die huis oop te ruk en te kyk wat gaan daar binne aan. Ons is so bang om mekaar se gevoelens seer te maak, nou moet God se Woord ook maar verswyg word. Amos sien dit in die laaste punt vandag-

Dat daar deur ons geprofeteer moet word:

Die leeu het gebrul, wie sal nie vrees nie? Die Here HERE het gespreek, wie sal nie profeteer nie? Om te profeteer is om die Here te vrees en ek vrees nie die ryk mense, die mense wat dink hulle is so belangrik, so vernaam, daar kan niks teen hulle gesê word nie. Duidelik moet almal hoor wat die Here deur Amos spreek al is jy wie?! Amos spreek nie hierdie profesie omdat hy dit graag wil doen nie, nee as dit van hom sou afhang sou hy eerder graag by sy skape en tussen sy vyebome wou wees, maar hy het besef hy kan nie anders nie. Weereens is daar selfs in sy profesie 'n oorsaak-gevolg verloop. Soos wat elke ding wat gebeur 'n bepaalde oorsaak het so moet hy nou profeteer – sy profesie is die gevolg van wat hy van die Here ontvang het, die Here het hom geroep om dit te doen. Daar was vir Amos geen keuse gelaat nie.

Hy is deur die Gees van God in beslag geneem om dinge hard en ongemaklik oor te dra, want mense met wie dit baie goed gaan, dit is mense wat moeilik luister as daar dinge na hulle kant toe kom en dit is dinge teen hulle, wat hulle voel, maar ons het mos reeds gesê dat ons het hard gewerk en hard moes onderhandel vir ons rykdom, moet jy nie nou met jou stories kom nie, Amos... ons luister nie na jou nie, want jy is nie eers van ons mense nie. Jy is iemand vanuit die suide en nou wil jy praat met ons wat gevestigde mense, welvarende mense hier in die noorde is. Tog moes Amos profeteer, hy moes aanhou profeteer. Niks mag hom keer nie.

As Amos aan hulle bekend maak julle rykdom gaan van julle weggevatt word, daar gaan oorlog in die land kom, julle gaan in ballingskap weggevoert word, julle sal in 'n vreemde land moet bly, dan sluk hulle swaar daaraan, maar dit is wat die waarheid rondom God wat sy reg gaan handhaaf. Ja, as ons mooi lees dan is die profesie besig om oop te vlek die dinge wat vir ons ook belangrik is. Ons land, ons godsdiens, ons welvaart. Israel moet hoor julle gaan julle land verloor, godsdienstig gaan hulle verhouding seerkry, Amos die die horings van die altaar gaan afgebreek word, finansieel gaan daar 'n groot insinking kom, hulle somerhuise, hulle winterhuise, met al die ivoor daarbinne, met al die luukse daarbinne, sal verdwyn.

Al is dit Amos wat spreek weet ons die Profeet groter as Amos is die Een na Wie ons vandag moet luister, aan Wie ons oor elke deel van ons lewe verantwoording sal doen. Hoe

selfsugtig ons lewens dalk geword het, hoe selfgenoegsaam ons lewe, hoe ons armer mense as swakker mense kan behandel, ander volkere as minderwaardige volke beskou, alles dinge wat die Here verafsku. Hierdie strafredes wat Amos uitspreek is dinge wat ons moet ruk, veral die tye waar ons ook soveel verwarring en twyfel by ander en by onself ervaar. Dit gaan in elke opsig in hierdie land nie goed nie, dit is omtrent net die belastinggaarder se kantore wat baie affektief funksioneer as ons na die staat kyk, dit wat Amos aankondig is wat ons maar in Suid-Afrika vandag kan hoor. Die Here wat sê Ek laat dit onder julle kraak soos 'n wa wat vol gerwe is (Amos 2:13), omkoperie, korrupsie, ontrou in die huwelik, ja Amos wys op die man en sy seun wat sommer met dieselfde vrou ontug pleeg, vader en seun gaan na dieselfde jongedogter... (Amos 2:7). Al hierdie dinge wat ons besef dit gaan nie anders as dit waarteen Amos moes optree, hy moes hierteen profeteer.

Broeder en suster, so min soos wat Amos se profetiese stem nie mag stil raak nie, net so min mag jou en my stemme stil raak. U wat God se kind is, ons wil glo dat u uitverkies is, dit lê soveel te meer op jou en my die verpligting dat ons koersvas in die Heilige Gees vorentoe gaan, ons laat die skietlood oor ons lewens hang (Amos 7:7), jy besef jou swaartepunt is God wat jou uitverkies het, Christus het vir jou betaal, van hieruit, uit hierdie swaartepunt hoor ons die waens van ons tyd kraak oor al die bedrog en onreg, maar onself moet deur die Heilige Gees na onself kyk en moet ek besef ons wat uitverkies is, op grond van ons uitverkiesing kan ons gestraf word. Wanneer ons meerwaardig onself bo ander wil stel, die troontjie waarvan mense kan val, kan partykeer hoër wees as wat hulle ooit kon dink.

AMEN